

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

TORAH (WET) EN GENADE

LES 1: INLEIDING EN AGTERGROND

Nota: In hierdie studie word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- ❖ **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- ❖ **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

1. Daar bestaan 'n baie groot verwarring, asook verkeerde interpretasie onder Christene ten opsigte van die begrip: *om vry van die wet te wees*. Talle Christene is baie gou om te vertel dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade. Wanneer daar dan na die wet verwys word, word die tien gebooie en die ander wette van die ou verbond bedoel.

Die Skrifverwysings wat as bewys aangehaal word is veral die volgende:

Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Rom 6:14

Want Messias is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Rom 10:4

2. Hierdie siening is ook gegrond op die valse leerstelling dat Israel deur onderhouding van die wet gered was. In die verband word Rom. 3:28 en Rom. 5:1 dikwels aangehaal wat verklaar dat die mens alleenlik deur geloof gered word en nie deur die wet te onderhou nie. Min gelowiges besef en verstaan dat Israel van ouds ook deur geloof gered was. Hierdie feit sal ook later in hierdie studie duidelik word.
3. Laat ons egter by die begin, begin. Wat word egter bedoel met die stelling: *om vry van die wet te wees*? Toets jouself aan die hand van die volgende vrae (Bepeins hierdie vrae voor jy antwoord):

	JA	NEE
Beteken dit dat die bepalings van God se wet opgehef is?		
Is YHVH se wet nie meer van toepassing in die gelowige se lewe nie?		
Het die feit dat Yeshua jou losgekoop het van die vloek van die Wet (Gal. 3:13) jou vrygemaak van die bepalings van byvoorbeeld die Tien Gebooie?		
Gee God die Vader se genade my vryheid om Sy Wet te oortree?		
Het enige van YHVH se wette onder die nuwe verbond verander, soos byvoorbeeld die vierde gebod (Shabbatsgebod)?		
Die tien gebooie is steeds van toepassing in elke gelowige se lewe		
Is die definisie van sonde onder die ou en die nuwe verbond dieselfde?		

4. Gelowiges wat glo dat hulle vry is van die wet sal op vrae soos: *Mag jy steel, mag jy begeer, mag jy moor of enige derglike dinge doen*, onmiddelik *Nee* antwoord. As die antwoord hierop dan *Nee* is, is dit duidelik dat die gelowige nie vry van die wet is in die sin van vry om te maak soos hy wil nie.
5. Tog is dit 'n feit dat ons vrygemaak is van die wet, want die Woord verklaar dit. Die Wedergebore kind van YHVH is nie meer onder die wet nie, maar onder God die Vader se genade. Skrifte soos Rom. 6:14, Rom. 10:4, Gal. 3:13 en meer as twintig ander Skrifverwysings bevestig dit. Die vraag is dus: Waarvan is die gelowige in Yeshua vrygemaak, met ander woorde van watter deel of bepaling van YHVH se wet?

Doel van Studie

1. Volgens bogenoemde is dit dus duidelik dat die ware betekenis van *vry van die wet*, asook die betekenis van *onder die genade van YHVH* deur die meerderheid gelowiges nie verstaan word nie. Die doel van hierdie studie is om meer duidelikheid oor hierdie twee aspekte te kry.
2. Eerstens moet daar duidelikheid verkry word dat hierdie studie nie handel oor die wet (die Torah) **VERSUS** genade nie, want die wet en genade is nie 'teen' mekaar nie. Hierdie studie handel oor die wet (die Torah) **EN** genade, want die twee loop hand aan hand en beide vervul steeds 'n rol in elkeen se geloofslawe in Yeshua Messias. In hierdie studie sal die plek van beide die wet en die genade verduidelik word. Daar sal ook meer

duidelikheid gegee word oor dit waarvan die gelowige in Yeshua vrygespreek is.

Gesindheid Waarmee Studie Benader Moet Word

1. Jy moet beseef dat dit wat jy huidig glo die resultaat is van:
 - Jou eie kennis van YHWH se Woord.
 - Die interpretasie van sekere Skrifgedeeltes wat gebaseer is op vertalings van die Skrifte (Bybel)
 - Bepaalde leerstellings en tradisies wat selde, indien ooit, bevraagteken word.
2. Hierdie is vir talle mense 'n struikelblok wanneer hulle met waarhede (feite), wat nie inpas by wat hulle glo nie, gekonfronteer word. Talle gelowiges glo reeds vir so lank 'n leuen dat hulle nie meer die waarheid kan of wil ontvang nie en daarom verkies hulle om die wat die waarheid verkondig te vervolg en dit wat hulle nie verstaan nie te verwerp.
3. Die vrees vir vervolging en verwerping wanneer sekere 'geloofsaanpassings' gemaak moet word, is vir sommige genoeg rede om te hou by wat hulle glo (Mark. 7:8, 9 en 13; Kol. 2:8)
4. Elkeen moet 'n leerbare gees openbaar. Benader hierdie studie met dieselfde gesindheid as die mense van Berea (Hand. 17:10 en 11). Hulle het dit wat Paulus en Silas aan hulle verkondig het aan die hand van die Skrifte ondersoek **of dit die waarheid was**. Let wel: Hulle het nie probeer bewys dat Paulus en Silas verkeerd was nie, maar die Skrifte vir bevestiging ondersoek.
5. Moenie emosie en vooropgestelde idees gebruik wanneer jy met die Woord van God gekonfronteer word nie. Ondersoek die Skrifte en vra die Afgesonderde (Heilige) Gees om jou verstand te open sodat jy tussen die waarheid en die leuen kan onderskei (Luk.24:44 en 45)

Betekenis van die Wet van YHWH

1. Alvorens met hierdie studie begin word, moet die ware betekenis van die wet van YHWH verstaan word. Wanbegrip van die betekenis hiervan is die oorsaak van baie geestelike verwarring, en selfs misleiding, omrede sekere Skrifgedeeltes verkeerd interpreteer word.
2. Wanneer die woord *wet* in geloofsverband gebruik word, dink die meeste Christene aan die tien gebooe (Ex. 20:1 tot 17). Hierdie is egter slegs een betekenis van hierdie woord soos dit in die Bybel gebruik word. Om

die korrekte betekenis te verstaan moet die Hebreeuse betekenis daarvan verduidelik word. Die Hebreeuse woord vir *die wet van YHVH* is *Torah*. Die letterlike betekenis van hierdie woord is:

Die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH.

3. *Torah* bevat ook die gedagte *om rigting aan te dui*. Die wet soos in Bybelse verband gebruik word, is dus die *Torah* en is nie net die tien gebooe nie, maar:

Al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die Skrifte opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.

4. Kortliks beteken *Torah* onderrig. *Torah* kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van 'n vader van sy kinders. Hierdie betekenis moet deurgaans in hierdie studie in gedagte gehou word.
5. Die tien gebooe kan beskou word as 'n *opsomming* van die *Torah*. Die tien gebooe is die tien beginsels waarop *Torah* gebou is.
6. In die Griekse vertaling van die Skrifte is *Torah* met *nomos* vertaal. Die oorspronklike betekenis van *nomos* is nie YHVH se *Torah* nie, maar wette soos landswette, naamlik mensgemaakte wette. Waar die woord wet (wette, *law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van 'n mensgemaakte wet, of as *Torah*, in die sin van 'n wet (onderrig, instruksie en leerstelling) van YHVH vertaal moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (*Torah*).
7. Die volgende voorbeeld van Ps. 1:1 en 2 kan gebruik word as illustrasie van hoe 'n Skrif *nuwe* betekenis kry wanneer die verskil tussen wet en *Torah* verstaan word:

*Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die **wet (die Torah)** van YHVH, en hy oordink sy **wet (die Torah)** dag en nag.*

8. Hiervolgens is dit duidelik dat die mens wat 'n behae het in die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH welgeluksalig sal wees. Hierdie is veel meer as net 'n behae in die tien gebooe. Dit is 'n behae in die totaliteit van YHVH se Woord wat die rigtingwyser vir die mens se lewe is.
9. Hierdie onderskeid tussen *wet* en *Torah* is baie belangrik en moet voortdurend in die Afrikaans en Engelse vertalings van die Bybel gemaak word. 'n *Wet* is uitsluitlik 'n *moet of 'n moenie*. Die mens wat nie aan die

moet of moenie gehoorsaam is nie, oortree die wet en sal gestraf word. Die *Torah* se uitsluitlike doel is egter om die mens te onderrig deur instruksies en leringe soos opgeteken is in die Woord van YHVH. In hierdie instruksies en leringe is die *moets* en *moenies* vervat. Gesamentlik vorm dit die lamp vir jou voet en die lig op jou pad (Ps. 119:105).

10. Afhangend van die konteks waarin dit gebruik word, kan *Torah* die volgende beteken:

- Die eerste vyf boeke van die Skrifte, ook bekend as die Pentateug.
- Die wet van Moses
- Die *Tanakh* wat by Christene as die ou testament (ou verbond) bekend staan. Judaïsme verdeel die Tanakh in drie dele, naamlik *Torah* (die eerste vyf boeke van Moses), *Nevi'im* (Profete) en *K'tuvim* (Geskrifte, naamlik die res van die boeke van die ou verbond)

11. In hierdie studie word die woord *Torah* in die plek van *die wet* gebruik as verwysend na al YHVH se onderrig en instruksies soos in die eerste vyf boeke opgeteken is en wat die fondament is waarop die Christengeloof gebou word en wat daarom steeds as deel van die nuwe verbond beskou word. Hierdie is dalk 'n vreemde gedagte vir jou, maar later in hierdie studie sal dit duidelik word. Intussen is dit nodig om te besef:

- ❖ Dat *Torah*, die eerste vyf boeke, is 'n heenwysing na die nuwe verbond, want Moses het van Yeshua getuig (Joh. 1:45 en Joh. 5:46). In die ou verbond is die nuwe verskuil en in die nuwe verbond word *Torah* dus openbaar gemaak, bevestig en vervul.
- ❖ En ook dat sonder 'n deeglike begrip van *Torah* sal daar slegs 'n beperkte en onvolledige begrip van die nuwe verbond (nuwe testament) wees. In die *Torah* is die ware praktiese en geestelike betekenis van die nuwe verbond verskuil.

Die Herstel van Torah

1. Sedert die sterwe van die Apostels het die kerk weg beweeg van die *Torah* en die gebruik daarvan as die basis van die geloof in Yeshua Messias, naamlik van die nuwe verbond. Die dryf agter dit was die kerk wat in die eerste eeue na Yeshua sy Hebreuse-verbintenis ontken het en met alles wat Joods was weggedoen het. Die geskiedenis bevestig dit.
2. Weens hierdie gesindheid het Christengelowiges oor baie eeue hulself gedistansieer van hulle Hebreuse wortels en 'n *Christenteologie* ontwikkel wat hoofsaaklik op nuwe testamentiese Skrifte gebaseer is en dikwels sonder om dit te kan verbind met die *Torah* of om dit in die lig daarvan te kan verklaar. Die gevolg hiervan is dat sommige begrippe in

die nuwe testament verkeerd verstaan en verklaar word en selfs misleiding tot gevolg het. Een so 'n voorbeeld is, soos reeds genoem, die begrip van die wet (Torah) en die genade.

3. Sedert sowat dertigjaar gelede het 'n beweging egter ontstaan om die *Torah* weer te herstel tot die regmatige plek wat dit in die Christengeloof moet beklee. Daar word dikwels na hierdie as die *Messiaanse Beweging (Ontwaking)* verwys en na die gelowiges hierby betrokke as *Messiaanse Christene* of *Messiane (Messianics)*.
4. Die doel van hierdie beweging kan kortliks soos volg saamgevat word:

Die herstel van die Torah as die grondliggende dokument (die fondament) wat die basis vorm van die onderrig, instruksies en wysheid van die nuwe verbond.

5. In hierdie studie sal die noodsaaklikheid vir elke Christen om hierdie ook 'n persoonlike doelwit te maak, verduidelik word.

Bepeins of Bespreek die Volgende

1. Die feit dat Yeshua die Messias en die Apostels Jode was, is genoeg rede om te glo dat hulle die Torah steeds as die basis van hulle geloofslewe sou gebruik. Is dit nie opsigself genoegsame bewys dat die Christengeloof se oorsprong Hebreeuse wortels het nie?
2. Beantwoord weer die vrae op bladsy 1 punt 3 in die lig van wat jy in hierdie les geleer het. Is daar 'n verskil in jou antwoorde?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Verwysings

(1) Brown, Driver and Briggs' Hebrew Definitions

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.